# NAVORSINGSBERIG

# Verslag van die 1988 International meeting, Society of Biblical Literature gehou by die Universiteit van Sheffield, Engeland, 1-3 Augustus 1988 en Verslag van die Colloquium Biblicum Lovaniense XXXVIII gehou by die Katholieke Universiteit Leuven, België, 16-18 Augustus 1988

AG van Aarde
Universiteit van Pretoria

## SOCIETY OF BIBLICAL LITERATURE

### INLEIDEND

Die Society of Biblical Literature (SBL) is in 1880 gestig as die Society of Biblical Literature and Exegesis. Dit is 'n internasionale vakvereniging wat eksplisiet nie-winsgewend en nie-polities van aard is. Sy doelwit is om die kritiese navorsing van die klassieke Bybelse en aanverwante literatuur te stimuleer. Hierdie doelwit word nagestrewe deur wetenskaplike navorsingsresultate uit te ruil by wyse van publikasies en konferensies. Die SBL is veral daarop ingestel om daardie dissiplines en sub-dissiplines te ondersteun wat beoog om die literatuur en godsdienste van die Oud-Nabye-Ooste en die gebiede rondom die Middellandse See te bestudeer. Dit behels studie op terreine soos die antieke tale, tekskritiek, geskiedenis en argeologie. Die SBL is geaffilieer by die American Council of Learned Societies en werk baie nou saam met die American Academy of Religion (AAR). Die ledetal van die SBL beloop min of meer vyf duisend en die lede is van meer as vyftig lande. Die vereniging onderhou 'n vaktydskrif wat bekend is vir sy hoogstaande wetenskaplike standaard, te wete *Journal of Biblical Literature* (*JBL*).

Benewens die jaarlikse algemene vergadering wat telkens in een van die groot sentra in die VSA gehou word, organiseer die SBL sedert 1983 jaarliks 'n internasionale byeenkoms wat buite die VSA aangebied word. In 1983 het dié

byeenkoms in Salamanca plaasgevind, in 1984 Strasbourg, in 1985 Amsterdam, in 1986 Jerusalem, in 1987 Heidelberg en in 1988 Sheffield. Hierdie internasionale konferensie bring Bybelwetenskaplikes van feitlik elke kontinent byeen om hulle navorsingsresultate en nuwe idees onder mekaar uit te ruil, en dit skep die geleentheid vir informele dialoog.

## OORSIG VAN PROGRAM

'n Groot verskeidenheid referate (sewe en sewentig in totaal) wat verband hou met die studie van beide die Ou Testament en Nuwe Testament en aanverwante literatuur, is gedurende 1-3 Augustus 1988 by die Universiteit van Sheffield en by die Hallam Tower Post House Hotel aangebied. By twee geleenthede het die volle vergadering byeengekom, naamlik enersyds as aanvang in die vorm van 'n simposium oor Argeologie, Sosiale geskiedenis en Bybelwetenskap, en andersyds tydens die hooflesing wat gelewer is deur dr Elizabeth Struthers Malbon van die Department of Religion, Virginia Polytechnic Institute & State University, Blacksburg, Virginia, VSA.

Die simposium is ingelei deur Philip R Davies van die Universiteit van Sheffield met die tema 'How not to do archaeology: The story of Qumran'. Elizabeth Malbon se lesing was getitel 'Biblical exegesis and early Christian art: A look at the Sarcophagus of Junius Bassus'.

Naas bogenoemde simposium en hooflesing, het die res van die program bestaan uit korter voorleggings wat rondom breë temas gegroepeer is en teen 'n baie vinnige tempo mekaar afgewissel het. Op Maandag 1 Augustus het die program onder die volgende breë temas uiteengeval: Genesis en die Grieks-Romeinse wêreld; op Dinsdag 2 Augustus: Hebreeuse literatuur; Nuwe Testament; Vroue in die Bybelse wêreld (I); Interpretasiegeskiedenis; op Woensdag 3 Augustus: Vroue in die Bybelse wêreld (II); Nuwe-Testamentiese apokriewe; Oud-Nabye-Ooste; Ou Testament metodologie en Nuwe Testament metodologie onderskeidelik; Profetiese literatuur; Wysheidsliteratuur.

Vervolgens word kortliks verslag gedoen van die referate wat onder die temas met betrekking tot die Nuwe Testament aangebied is.

## DIE GRIEKS-ROMEINSE WêRELD

Eduard Schweizer, emeritus-professor van die Universiteit van Zürich, het die uitdrukking 'aanbidding van engele' in Kolossense 2: 18 en die verwysing in Galasiërs 4: 3 en 6: 14 na die 'verslawing' in die bedeling waar die ('elemente' van die) 'wêreld' heers, nuut geïnterpreteer. Hierdie uitdrukking en verwysing word

normaalweg opgeneem as verwysende na die mens sonder geloof in Christus as slaaf van wettiese godsdienstige reëls. Schweizer se referaat was getitel 'Slaves of the elements and worshippers of angels (Gal 4: 3, 9; Kol 2: 8, 18, 20)'. Die metode van sy ondersoek het daaruit bestaan dat hy die teksgedeeltes wat in die titel genoem word, gekommentarieer het aan die hand van die Hellenistiese skrywers Empedokles, Cicero, Aleksander Polihister, Ovidius, Philo, Josefus, Plutarchus en Hippolitus.

Hierdie referaat is na afloop van die konferensie gepubliseer in *JBL* 107 (1988), 455-468.

Frederik E Brenk, van die Pontifical Biblical Institute in Rome, het die uitdrukking 'om God van aangesig tot aangesig te sien' in 1 Korintiërs 13: 12 ondersoek. Sy referaat was getitel 'Seeing God face to face - easier done than said: Middle Platonism and 1 Corinthians 13: 12'. Volgens Brenk vorm die middel-Platonisme die enigste werklike filosofiese agtergrond van die Nuwe Testament.

Hy toon die ingewikkeldheid en problematiese aard van bogenoemde uitdrukking aan as dit bestudeer word teen die agtergrond van die konsep θέα μακαρία (die 'saligmakende visie') wat by Plato sowel as by die middel-Platonisme aangetref word. Volgens hierdie konsep is dit die mens se hoogste bestemming om op 'n direkte 'intellektuele' wyse God te sien. Middel-Platonisme was suksesvol, omdat dit die meer kognitief-abstrakte en onpersoonlike Platonisme aangepas het by die kontemporêre aspirasies wat daar na onsterflikheid en 'n salige hiernamaals was. Die Griekse literatuur ken die *epifanie* (verskyning van die godheid) as literêre genre. Om die godheid van aangesig tot aangesig te sien was egter nie normaalweg die inhoud van die *epifanie* of deel van die salige hiernamaals nie. Die beskrywing van 'n verskyning van die godheid het eerder met behulp van metafore en beelde van lig geskied. Daarby het die verskyning van die godheid nie saligmakende konsekwensies gehad nie, maar eerder vernietigende konsekwensies. Wat Brenk as baie belangrik uitgewys het, is dat die sogenoemde Eleusiniese misteries die basis van Plato se θέα μακαρία gevorm het. In hierdie misteries het die ἐποπτεία die hoogtepunt uitgemaak. Die ἐποπτεία het egter nie, soos algemeen aanvaar word, betrekking op die sien van die kultusbeeld van die godheid as moontlike simboliek van die hoogste bestemming van die 'geïnisieerde' in terme van die misteriegodsdienste nie. Dit het eerder betrekking gehad op die sien van sekere misterieuse voorwerpe wat in die misteriegodsdiens gefigureer het.

Troels Engberg-Pedersen, van die Universiteit van Kopenhagen, het die sterk affiniteit ondersoek wat daar tussen die Pauliniese en Stoïsynse antropologie bestaan. Hy het nie net sekere tegniese terme in dié verband in die Pauliniese briewe bestudeer nie. Hy het veeleer gepoog om sekere sentrale idees van Paulus in hulle totale verband te interpreteer teen die agtergrond van 'n algemene standpunt oor die ontwikkeling van die Griekse etiek vanaf Sokrates tot die ('Ou') Stoïsyne. Engberg-Pedersen het vervolgens sy aanname oor die verband tussen Paulus en die Stoïsyne beredeneer, insgelyks belangrike verskille daartussen uitgewys en die belang van die veronderstelde affiniteit vir die teologie bespreek. Die titel van sy referaat was 'Hellenism: Fundamentals of Stoic and Pauline anthropology'.

Frederick W Danker, van die Lutheran School of Theology in Chicago, het 'n totale nuwe lees van Paulus se tweede brief aan die Korintiërs voorgestel. Die belangrikste probleme met betrekking tot die komposisie van 2 Korintiërs is aan 'n nuwe tipe ondersoek onderwerp deurdat aandag gegee is aan argeologiese en literêre data wat tot dusver min aandag in die uitleg van 2 Korintiërs gekry het. Danker het veral ingegaan op die retoriese tradisies wat in Demosthenes se *De Corona* voorkom. Sy referaat was getitel 'Paul's debt to the *De Corona* of Demosthenes: A study of rhetorical techniques in Second Corinthians'. Dit is veral die temas van self-aanbeveling en skimptaal in *De Corona* wat Paulus moontlik oorgeneem het. 'n Vergelykende analise suggereer volgens Danker dat hoofstukke 10-13 en 1-9 in 2 Korintiërs baie nouer by mekaar aansluit as wat daar gewoonlik gemeen word. Paulus bied, a la Demosthenes, homself aan as die man van die oomblik vir Korinte. Danker meen dat sy studie die deur oopmaak vir die verfyning van 'n sosiologiese interpretasie van 2 Korintiërs.

Guiseppe Veltri, van die *Institut für Judaistik* in Berlyn, het 'n lesing gehou oor die vraagstuk: 'Reconsidering Palestine after 70 CE according to Josephus: Expropriation of all the Jewish land or *pax Romana*?' In sy voordrag het Veltri ingegaan op die vertalings- en interpretasieprobleme van die instruksie wat keiser Vespasianus na die verowering van Jerusalem in 70 nC aan Bassus, die Romeinse bevelvoerder, en aan Laberius Maximus, die polities-ekonomiese prokurator van die 'provinsie Judea', gestuur het. Hierdie instruksie is deur Josefus in sy *Bellum* VII, 216-218 aangehaal en word deur Josefus self afgesluit met die opmerking 'So was die situasie van die Jode op daardie stadium.' Vanweë die gebrek aan verwysings in die beskikbare bronne en in die lig van die feit dat so baie geskrifte in die Nuwe Testament veronderstel is om geskryf te wees teen die agtergrond van die situasie

van die Jode van daardie tyd, is 'n poging om die vertalings- en interpretasieprobleme van die keiser se instruksie op te los, van groot belang. Daar is twee sake in die instruksie waaraan Veltri in die besonder aandag gegee het. Enersyds hou dit verband met die korrekte vertaling van die Griekse werkwoord ἀπόδοσθαι in die frase κελεύων πᾶσαν γῆν ἀπόδοσθαι τῶν 'Ιουδαίων en andersyds met die interpretasie van die uitdrukking αὐτῷ τὴν χώραν φυλάττων. Daar bestaan hoofsaaklik twee teorieë oor die korrekte vertaling van ἀπόδοσθαι. Volgens Mommsen sou Vespasianus opdrag gegee het dat die 'hele land van die Jode verkoop moes word. E Schürer meen egter dat verpag ('to farm out'/'*verpachten*') die korrekte vertaling van hierdie werkwoord sou wees. So 'n optrede moes na alle verwagtinge geweldige sosio-godsdienstige reperkussies gehad het. Die probleem is egter dat geen Rabbynse geskrif 'n verwysing hierna bevat nie.

Veltri steun vir B Issaac in hierdie verband dat Josefus se opmerking nie geïnterpreteer moet word asof die 'hele land van die Jode' die private besit van die Romeinse keiser sou geword het nie. Veltri betoog op grond van die grammatikale mediumvorm van die werkwoord ἀποδίδοσθαι dat dit vertaal moet word met om te restoureer. So 'n vertaling verander die hele interpretasie van die keiser se instruksie, want om te 'restoureer' sou beteken om die land aan die Jode terug te gee. Daarby, teenoor 'n oorwig van tekskritiese getuienis, lees hy nie die genitief αὐτῶν in die frase αὐτῶν τὴν χώραν φυλάττων nie, maar wel die datief αὐτῷ.

Hy aanvaar laasgenoemde lesing op grond van onder andere die tekskritiese kriterium dat die moeiliker lesing die meer betroubare lesing sou wees. Die werkwoord φυλάττειν (wat hier as 'n deelwoord gebruik word) word deur hom met 'n militêre konnotasie opgeneem in die betekenis van 'om wag te hou', 'om te beskerm', 'om te beheer'. Vespasianus se instruksie is dus volgens Veltri 'n aanduiding van die *pax Romana*-beleid waardeur die Jode se land polities, ekonomies en militêr genormaliseer is. Hy vertaal dié deel van Vespasianus se instruksie as dat die hele Joodse land terugegee moes word (aan hulle vorige besitters?), omdat die keiser nie daar 'n spesifieke stad gevind het van waaruit hy vir homself kontrole oor die land kon uitoefen nie. Veltri se konstruksie van die historiese situasie van die Jode van daardie tyd is dat hierdie keiserlike maatreëls die ekonomiese belastingstelsel moontlik gemaak en voorafgegaan het waarmee bepaal is dat die gebruiklike tempelbelasting as belasting aan die keiser oorbetaal moet word.

Douglas R Edwards, van die Universiteit van Puget Sound, en J Andrew Overman, van die Boston Universiteit, het gesamentlik in 'n referaat sekere

persepsies wat tot onlangs taamlik algemeen aanvaar is met betrekking tot die invloed van verstedeliking op Palestina (en veral Galilea) en op die eerste volgelinge van Jesus, herevalueer. Hulle referaat is getitel 'Who were the first urban Christians? Urbanization in Galilee in the first century'. Baie Nuwe-Testamentici het oor die afgelope honderd jaar begin dink dat die eerste volgelinge van Jesus hulle te midde van 'n plattelandse, landelike en herderlike etos bevind het sonder veel invloed van die kant van die Griekse kultuur. Eerste-eeuse Galilea is gesien as bewoon deur plattelanders in 'n landelike gebied en in klein dorpies wat eintlik nie kontak gehad het met die wyer Grieks-Romeinse wêreld nie. Rudolf Bultmann, byvoorbeeld, het op grond van hierdie perspektief gemeen dat die Hellenistiese invloed op die vroeë Christendom buite die Palestynse bodem sedert die dae van Paulus plaasgevind het. Deesdae is daar steeds geleerdes, soos Gerd Theissen en Wayne Meeks, wat aanneem dat die Jesus-beweging versprei het vanaf die plattelandse, kleinburgerlike kultuur van Galilea na die Grieks-Romeinse stede in Klein-Asië, Griekeland en Italië. Volgens Edwards en Overman aanvaar bogenoemde geleerdes klaarblyklik dat daar nie betekenisvolle stedelike invloed binne die grense van Galilea voorgekom het nie. Die referente bevraagteken hierdie persepsies met behulp van inligting oor handelspraktyke, eerste-eeuse munte en opgrawings te Sepporis, Tiberias, Kapernaum, Kafar Hanania en Betsaïda-Julias. Hierdie inligting dui op 'n ontwikkelde Hellenistiese etos waarvan die invloed die grense van die stede in hierdie gebiede oorskry het. Argeologiese, literêre en numismatiese data suggereer 'n wedersydse invloed tussen die stad en die platteland. Daar kan daarom nie enkelvoudig gepraat word van 'n eensydige handelseksploitasie van die platteland deur die stad nie. Edwards en Overman betoog derhalwe dat die Jesus-beweging ontstaan het te midde van 'n gesofistikeerde konteks wat deur die invloed van Grieks-Romeinse verstedeliking gekenmerk is.

John W Betlyon, van Smith College, het in 'n voordrag, getitel 'The early Hellenistic period in Southern Judah', ingegaan op die raaiselagtige aard van die Persiese en vroegste Hellenistiese invloed op Juda in die vierde en derde eeu v C. Hy wys op resente argeologiese navorsing wat in die gebied van die suidelike Kusvlakte en Sefela uitgevoer is. Dit dui op 'n onafgebroke kontinuum tussen die Persiese en Hellenistiese periode. Wat keramiek betref, kom 'nuwe' Hellenistiese vorme in Juda eers aan die einde van die derde en die begin van die tweede eeu v C voor. Betlyon lei hiervan af dat die plaaslike bevolking eers op daardie stadium die

Hellenistiese materiële kultuur meer geredelik aanvaar het. Die inwoners van Juda was vir meer as 'n eeu ongeneë om vreemde oorheersing te aanvaar.

## DIE NUWE TESTAMENT

In 'n referaat, getitel 'The reconciliation and Christ parallelism in Romans 5', het Stanley E Porter, van Biola Universiteit, ingegaan op die baie probleme wat daar bestaan ten opsigte van die eenheid van veral Romeine 5: 1-11. Op grond van leksikologiese, grammatikale en tematiese oorwegings betoog hy dat Romeine 5 as 'n geheel 'n eenheid vorm. Die hoofstuk fokus op die konsep 'versoening' en die werk van Christus. Hierdie fokus veroorsaak dat Romeine 5 teologies as die hart van die Romeinebrief gesien moet word. Volgens Porter het Paulus teologies onderskei tussen die konsepte 'geregtigheid' en 'versoening'. Porter neem in hierdie verband 'n standpunt in teenoor CK Barrett. Hy wys daarop dat elke gebruik van die werkwoord καταλλάσσω in die Nuwe Testament (2 Kor 5: 18-21; Kol 1: 20, 22; Ef 2: 11-17) betrekking het op die werk van Christus. Versoening het dus te make met 'n daad deur God buite die geaffekteerde mens om. Hierteenoor behou die konsep geregtigheid sy volle juridiese konnotasie wat na die mens se sonde verwys. Versoening het die vernuwing van 'vriendskap' tussen twee partye tot gevolg. Volgens Porter is daar in Romeine 5 'n progressiewe beweging vanaf 'geregtigheid' na 'versoening' aan te merk. Hierdie progressie vorm die tematiese eenheid van die hoofstuk. Die Adam-Christus parallel funksioneer in Romeine 5 eksemplaries as aanduiding van die beweging vanaf 'geregtigheid' na 'versoening' onderskeidelik.

Andries G van Aarde, van die Universiteit van Pretoria, het op die verskynsel gewys dat in resente semeio-strukturele studies van die Nuwe Testament die belang van die resonansie van woorde, frases en temas in 'n dokument by die resepsie van lesers toenemend besef word. Dit is eweneens opvallend dat die belang van die konstruksie van die historiese konteks van 'n dokument ook in resente semeio-strukturele studies van die Nuwe Testament al hoe meer in ag geneem word. Die feit dat Nuwe-Testamentici in sulke tipe studies resonansie en die konstruksie van die historiese konteks nie met mekaar in verband bring nie, is vir hom 'n aanduiding dat daar nie geslaag word om die web van strukturalisme te ontsnap nie. Daniel Patte (1987) se kommentaar op die Matteusevangelie is vir hom 'n voorbeeld hiervan. Van Aarde bring die twee gemelde sake met mekaar in verband deur gebruik te maak van die konsep intertekstualiteit. Met behulp van die resonansie van die tempel-motief in die Matteusevangelie en met behulp van inligting oor eerste-eeuse muntstukke interpreteer hy die perikoop oor die betaling van die

tempelbelasting in Matteus 17: 24-27 teen die agtergrond van 'n gekonstrueerde historiese konteks. Sy referaat was getitel 'Resonance and reception: Interpreting Mt 17: 24-27 in context'.

Kenneth GC Newport, van die Universiteit van Oxford, het Matteus 23: 2-31 ondersoek en beredeneer dat dit 'n verwerking van 'n uitgebreide bron is. Hierdie bron pas in 'n voor-70 nC *Sitz im Leben* en het ontstaan as 'n stuk polemiek teen die Fariseërs en skrifgeleerdes. Die skrywer daarvan was deel van die Judaïsme wat die binding van die Joodse Halaka aanvaar het. Newport se voordrag is getitel 'The *Sitz im Leben* of Matthew 23'.

Ed L Miller, van die University of Colorado, het in sy referaat, 'The Johannine origin of the Johannine Logos', die teorieë verwerp dat die Johannese *Logos*-konsep sy oorsprong buite die Johannesevangelie sou hê. Volgens hom lê die oorsprong daarvan in die Johannesevangelie self. Miller beweer dat die proloog (Joh 1: 1-18) saamgestel is nadat die 'eintlike' Evangelie (Joh 1: 19 - 20: 31) geskryf is. Op baie plekke in dié 'eintlike' Evangelie word die woord 'woord' (λόγος; ῥῆμα) aangetref met 'n Christologiese verwysing: die woorde van Jesus is gees en lewe; die woorde van Jesus is uitdrukking van die Vader se wil; die woorde van Jesus oordeel, ensovoorts. Binne die Johannese gemeenskap het dit tot 'n Christologiese titel ontwikkel, soos dit blyk op grond van die proloog in 1 Johannes. Die opname daarvan in die proloog van die Johannesevangelie is die finale produk van die Christologiese ontwikkeling van dié konsep. Miller ontken egter nie die raakpunte wat daar kan bestaan met eksterne logos-tradisies nie.

Erich Metzing, van Newbold College, Bracknell, het ingegaan op die verwysing in Johannes 12: 31 na die buitentoe (ἔξω) uitgooi van Satan, die 'vors van die wêreld'. Sy voordrag is getitel 'Textkritische und theologische Ueberlegungen zur Variante in Joh 12: 31'. Hy gee voorkeur aan die tekskritiese variante lesing wat κάτω (van bo na onder) in plaas van ἔξω (buitentoe) lees. Metzing stem nie saam met die algemene opvatting dat die teksgetuies wat aan die ruimtelike 'van bo na onder' voorkeur verleen, 'n poging van harmonie met Lukas 10: 18 uit 'n latere tyd in die oorleweringsgeskiedenis van die Johannesevangelie sou wees nie. In dié Lukaanse verwysing word gesê dat Jesus vir Satan vanuit die hemel soos 'n weerligstraal sien val het. Volgens Metzing is die ruimtelike oorlog in die lug tussen God en Satan die meer oorspronklike voorstelling van hoe God verlos. Hierdie voorstelling is onder invloed van die toenemende versoenings-Christologie op die agtergrond gestoot. Hierdie Christologie word gevind in, onder andere, die Pasga-

liturgie en die Makkabese veridealisering van die martelaarsfiguur. Metzing meen dat daar veronderstel kan word dat ander spore van hierdie ontwikkeling elders in die Nuwe Testament aangetref sal word.

Jane D Schaberg, van die Universiteit van Detroit, het twee vertellinge in pseudepigrafiese literatuur ondersoek wat net soos Matteus 1: 18-25 'n buitengewone swangerskap of geboorte berig. Die een is die verhaal van Noag in die Genesis Apokrufon, kolom 1-5 en in 1 Henog 106. Die ander verhaal is dié van Melgisedek in 2 Henog 23. Die titel van haar referaat was 'Miraculous conceptions: Noah, Melchizedek, Jesus'. Schaberg het probeer vasstel wat die strekking van hierdie twee vertellinge is met betrekking tot die essensie ('nature') van die kind wat so 'buitengewoon' verwek of gebore is. Op grond van haar bevinding probeer sy bepaal of daar enige invloed van hierdie vertellinge uitgegaan het op die vertelling oor Jesus se verwekking en geboorte in Matteus 1: 18-25 en in die Protevangelium van Jakobus. Haar betoog is dat 2 Henog 23 nie die kindheidsvertellinge in die Nuwe Testament of die tradisie daaragter beïnvloed het nie. Wat wel volgens Schaberg gebeur het, is dat die kindheidsvertellinge in die Nuwe Testament baie vroeg reeds op grond van die genoemde pseudepigrafiese literatuur deur sommige as 'n maagdelike geboorte geïnterpreteer is.

## NUWE-TESTAMENTIESE APOKRIEWE

Willy Rordorf, van Neuchâel in Switzerland, het in 'n lesing getitel 'Was wissen wir über Plan und Absicht der Paulusakten?' aangesluit by 'n artikel van hom wat in die *Festschrift* vir AFJ Klijn gepubliseer is. ['In welchem Verhältnis stehen die apokryphen Paulusakten zur kanonischen Apostelgeschichte und zu den Pastoralbriefen?', in *Text and testimony: Essays in honour of AFJ Klijn*, 225-241. Kampen.] Waarskynlik is die gewigtigste probleem in die uitleg van die Handelinge van Paulus die feit dat ons slegs in besit is van oorgelewerde fragmente en nie van die oorspronklike werk self nie. Rordorf gee in sy referaat aandag aan die vraag of die 'fragmente', wat hy as 'indirekte bronne' beskou, die uitlegger kan help in die vasstelling van die struktuur ('Plan') van die oorspronklike werk. Hy verwys na Tertullianus wat die intensie van die Handelinge van Paulus beskryf as geskryf 'uit liefde vir Paulus'. Rordorf poog om deur middel van 'n studie van die verhouding tussen die Handelinge van Paulus en die Handelinge van die Apostels, van die verband met die Klein-Asiatiese vrouebeweging en van die verband met die Montanisme, meer van die intensie van dié apokriewe geskrif uit te vind.

Robert Stoops, van die Western Washington University, het die kombinasie van 'n wonderbaarlike redding en straf in die Handelinge van Petrus ondersoek. Sy voordrag is getitel 'Miracle stories and meaning: Peter's daughter in early Christian literature'. In hierdie apokriewe geskrif word vertel dat 'n jongmeisie ontvoer word. Haar pa, die apostel Petrus, bid dat sy van ontering bewaar sal bly. God verhoor sy gebed deur die meisie te verlam. Volgens Stoops het hierdie kombinasie van wonderbaarlike redding en straf sy oorsprong waarskynlik in die mondelinge tradisie. Hy toon aan dat die skrywer van die Handelinge van Petrus rondom die wondervertelling voortgeborduur het deur toesprake en ander vertellinge daarby te voeg. Die skrywer het sodoende die wondervertelling 'getransformeer' van 'n vermaning tot kuisheid na 'n demonstrasie van God se sorg vir gelowiges. Latere skrywers het dieselfde storie op nuwe wyses en met ander doeleindes oorvertel. So byvoorbeeld is die storie by wyse van seleksie of aanvulling gebruik om vrae oor die voorsienigheid en die kanon te hanteer. In die hande van verskillende redaktors is daar deur middel van die betrokke storie 'n minagting van vroue uitgedruk of is maagde geloof omdat hulle selfbeheersing tot voordeel van ander beoefen. Stoops meen dat sy analise van sodanige 'transformasies', wat vanaf die tweede tot die sesde eeu nC strek, op die noodsaak dui van meer noukeurige redaksiekritiese ondersoeke van die apokriewe literatuur. Die 'transformasies' van die storie in die Handelinge van Petrus wat hy geanaliseer het, kom voor by Augustinus se *Contra Adimantum Manichaei*; *discipulum* (einde 4de eeu nC), Pseudo-Titus se *Epistle* (5de eeu nC), die Handelinge van Filippus (5de eeu nC) en die Handelinge van die heiliges, Nereus en Achilleus (6de eeu nC).

Enrico Norelli, van die Universiteit van Genéve, se voordrag was getitel 'Reconsidering the "Ascension of Isaiah"'. Hy wys daarop dat die nuwe kritiese edisie van en kommentaar op die Hemelvaart van Jesaja wat gepubliseer is in die reeks *Apocryphorum of the Corpus Christianorum*, tot nuwe resultate lei. Hierdie resultate verskil van wat in die algemeen met betrekking tot die Hemelvaart van Jesaja aanvaar is en wat teruggaan op die werk van RH Charles in 1900. Volgens Norelli is die Hemelvaart van Jesaja in totaal 'n Christelike dokument. Dit het bloot gebruik gemaak van mondelinge Joodse tradisies. Dit is in twee fases deur 'n Christen-groep geskryf. Aanvanklik was die doel van skrywe om dié groep se idees oor die belang van profesie en ekstatiese ervaring in die Christelike kerk te bevorder. Hierdie idees het saamgehang met 'n gegewe Christologie en soteriologie. Later was die doel van skrywe om die betrokke groep se posisie en hulle teologiese sieninge teenoor aanklagte van kerkowerhede te verdedig.

Dennis R MacDonald, van die Iliff School of Theology, het in sy referaat sy besinning rondom die Handelinge van Andreas voortgesit. Sy referaat was getitel 'Homer and the textual reconstruction of "The Acts of Andrew"'. MacDonald is van mening dat die skrywer van die Handelinge van Andreas die Odussee nageboots en Andreas as 'n Christelike held geteken het. As die Odussee die dieperliggende struktuur van die dokument vorm, kan baie onsekerhede rondom die rekonstruksie van die teks opgeklaar word.

NUWE TESTAMENT METODOLOGIE

SE Fowl, van die Universiteit van Sheffield, het met sy voordrag, getitel 'Reconstructing and deconstructing the quest of the historical Jesus', ingegaan op die bydrae van EP Sanders se boek *Jesus and Judaism* tot die vraag na die historiese Jesus. Fowl het eerstens Sanders se 'programmatiese agenda' waarmee hy historiese Jesus-navorsing doen, probeer rekonstrueer. Sanders se boek is egter nie 'n produk van abstrakte teorie nie. Dit is veeleer 'n konkrete bydrae tot ons kennis van Jesus. Dit bring derhalwe mee dat Sanders se program vir historiese Jesus-navorsing uit sy boek as geheel geabstraheer moet word. Fowl maak vir hierdie doel gebruik van die 'kriteria vir toereikende historiese ondersoek' wat WG Runciman in sy *A treatise on social theory* toegepas het. Hoewel Fowl op grond van hierdie kriteria op verskeie punte krities staan teenoor Sanders se eventuele bydrae, meen hy dat dié werk tot op datum die beste poging is om 'n koherente historiese benadering tot Jesus te bied. Sanders weier egter om sy lesers toegang te verleen tot die 'innerlike' lewe van Jesus. Fowl meen dat 'n lewe van Jesus nie sonder 'n mate van inligting oor Jesus se intensies gekonstrueer kan word nie. Sonder sulke inligting is die historiese konstruksie van die lewe van Jesus bloot 'n analise van die oorsake en gevolge van sekere gebeure in en rondom die lewe van Jesus. Fowl beskou derhalwe Sanders se historiese benadering as hoogstens 'n 'dekonstruksie' van die vraag na die historiese Jesus soos dit tradisioneel gesien is. Hy dui ten slotte sekere konsekwensies van só 'n benadering tot moderne Bybelondersoek aan.

Marcus Borg, van die Oregon State University, het in sy referaat, 'A renaissance in North American Jesus studies', verslag gegee van die belangrikste ontwikkelinge in die Noord-Amerikaanse Jesus-navorsing sedert 1980. Dit is ontwikkelinge wat gekenmerk word deur onder andere die stigting van twee groot professionele organisasies, te wete die Historical Jesus Section van die SBL en die Jesus Seminar. Daarbenewens is dit 'n ontwikkeling wat toenemend multi-dissiplinêr van aard is deurdat dit veral gebruik maak van sosiologiese modelle en insigte. Baie van die

resultate van hierdie 'quest' lei tot 'n omverwerping van algemeen-aanvaarde standpunte en na 'n hoogbloei van publikasies. Borg meen dat twee ander kenmerke van die studies in die VSA, naas die multi-dissiplinêre aard daarvan, onderskei kan word: Die invloed van teologiese fakulteite wat nie aan kerke gebind is nie, en die meer positiewe inslag van sulke 'gesekulariseerde' instellings ten opsigte van die moontlikheid van die ondersoek sowel as van die verkryging van resultate. Hierdie positiewe inslag staan in skrille kontras teenoor dié van persone wat aan fakulteite werk wat kerklik gebind is.

Edgar V McKnight, van Furman University, se moderne postkritiese bydrae was getitel '"Wording the wound of words": Postmodern use of the New Testament'. In sy lesing het hy probeer om die resente ontwikkelinge op die gebied van die hermeneutiek van die Nuwe Testament in reliëf te plaas in terme van spesifiek twintigste-eeuse literatuurteoretiese ontwikkelinge. Hiermee wil hy die rol en funksie wat die sogenoemde postmoderne hermeneutiek in Nuwe-Testamentiese studies kan vervul, help bepaal. Hierdie benadering is nie primêr daarin geïnteresseerd om die 'logika van 'n teks' te definieer nie. Wat eintlik in hierdie benadering gebeur, is volgens McKnight dat die kritiese postmoderne leser op die teks reageer in terme van sy/haar eie persoonlike kwessies. Daarom draai konsepte soos 'konstruksie' en 'dekonstruksie' om die leser self. Dit geld ook in gevalle waar 'n postkritiese leser probeer om implisiet die tekstuele logika disparaat te maak deur middel van die ontwikkeling van vermeende spanninge. McKnight wys daarop dat postmoderne hermeneutiek die illusie dekonstrueer dat bepaalde tekste in 'n direkte (en selfs oorspronklike) verhouding staan met dit wat hulle verteenwoordig. Volgens die postmoderniteit blyk die oorsaak (realiteit) in der waarheid die effek (produk) te wees. Tog is die literatuurteoretikus Geoffrey Hartman van oortuiging dat 'n benadering soos hierdie wat taal van sy verteenwoordigende konsepte wil bevry, 'should not cheapen the mimetic and affectional power of words, their interpersonal impact.' 'n Mens kan op grond hiervan sê dat daar 'n 'realiteit van effek' is wat onlosmaaklik deel is van die 'realiteit van woorde.' Volgens McKnight het die dubbelsinnige aard van woorde die effek om wonde te veroorsaak wat nie geheel kan word nie. Woorde kan egter ook 'n 'medisinale' funksie hê 'to word a wound words have made' - 'n uitdrukking wat Hartman gebruik het. Daarom help woorde ons om die alledaagse toestand van 'gedeeltelike kennis' te hanteer. Om sy doel te bereik het McKnight 'n postkritiese lees van die Markusevangelie voorgehou.

Pieter PA Kotzé, van die Universiteit van Pretoria, het in sy voordrag ingegaan op die 'hermeneutiese betekenis' van die konsep 'inspirasie' en dit in verband gebring met leserresepsie. Volgens Kotzé word die probleem van die inspirasie van die Heilige Skrif in die literêre kritiek van die Bybel geïgnoreer. Die rede is waarskynlik die feit dat die konsep 'inspirasie' 'n goddelike aspek vorendag laat kom sowel as die subjektiwiteit van konfessionele aangeleenthede. Hy beweer dat inspirasie wel 'n hermeneutiese funksie het en dat dit te make het met die resepsie van die leser. Resepsie-analitiese studies van die Bybel behoort daarom nie hierdie saak te ignoreer nie. As literatuur het die Bybel in hierdie verband sy eie konvensies. Kotzé het in sy referaat op die Evangelie van Johannes gekonsentreer.

David L Mealand, van die Universiteit van Edinburgh, het met sy bydrae, 'Positional stylometry and the epistles', groter duidelikheid ten opsigte van stilometriese rekenaargeoriënteerde studies probeer verkry. Hy het 'sinne' in die *corpus Paulinum* met mekaar vergelyk waar καί of εἰ as die eerste woord voorkom en waar δέ of γάρ as die tweede woord voorkom. As daar uitgegaan sou word dat die *corpus Paulinum* uit tien briewe sou bestaan, toon die rekenaar ten opsigte van καί 'n onderlinge diversiteit van 0.1% aan. Met sewe briewe as vertrekpunt, is die diversiteit nader aan die 5% en met vier briewe as vertrekpunt, word die diversiteit onbelangrik. Daarna is die 'sinne' met δέ as die tweede woord daarin nagegaan. Die groep van tien briewe toon 'n diversiteit onder 2.5% aan en die groep van sewe briewe alleen terloopse diversiteit. Mealand betoog dat die groep van vier briewe in hierdie verband 'n mindere samehang as die groep van sewe briewe vertoon. Die volgende toets het betrekking gehad op γάρ as die tweede woord in die 'sin'. In al drie groepe briewe is die onderlinge diversiteit as onbelangrik uitgewys. Mealand het hierdie resultaat vergelyk met vorige ondersoeke deur ander navorsers. In die lig hiervan vermoed hy dat die resultaat met betrekking tot γάρ verband hou met genre. Sy laaste kontroletoets het die 'sinne' met die partikel εἰ as die eerste woord daarin nagegaan. Al drie groepe briewe het 'n onderlinge diversiteit van meer as 5% getoon. Die groep van tien briewe het tog 'n effense laer persentasiepunt gehad. Hieruit het dit geblyk dat hierdie toets as onbelangrik geag moet word. Dit is ook bevestig deur dieselfde toets oorsigtelik te doen met ander Nuwe-Testamentiese briewe. Mealand se gevolgtrekking is dat die groep van sewe briewe klaarblyklik die grootste samehang vertoon. Tog behoort die ondersoeker krities ingestel te bly ten opsigte van die kriteria wat gebruik is, naamlik die vier woorde in hulle vermelde posisies.

Die laaste bydrae was dié van die oud-Suid-Afrikaner, John Painter, tans verbonde aan die La Trobe Universiteit in Australië. Sy referaat was getitel 'Quest and conflict stories in the Fourth Gospel'. Painter het die ondersoek wat RC Tannehill met betrekking tot die sogenoemde 'pronouncement stories' in die Sinoptiese Evangelies gedoen het, op die Johannesevangelie toegepas. Hy het Tannehill se kategorie 'quest stories' regstreeks oorgeneem. Wat Tannehill die 'correction stories' en die 'objection stories' genoem het, het Painter met die sogenoemde 'conflict stories' gekombineer. Painter het in sy referaat probeer aantoon hoe die 'tipe' vertellinge deur die skrywer van die Johannesevangelie binne die raamwerk van sy Evangelie getransformeer is. Verder het hy probeer aantoon hoe die Christologie in die Evangelie 'n invloed uitgeoefen het op die wyse waarop die Evangelie gestruktureer is en waarop bogenoemde tipe vertellinge binne tipiese Johannese materiaal opgeneem en getransformeer is.

## ALGEMENE OPMERKINGS

Uit die aard van die saak is die vier breë kategorieë waarin die program uiteengeval het, te wete die Grieks-Romeinse wêreld, die Nuwe Testament, Nuwe-Testamentiese apokriewe en Nuwe Testament metodologie, uiteenlopend van aard. Die verskillende referate wat onder hierdie hoofde aangebied is, het 'n nog groter uiteenlopendheid vertoon ten opsigte van uitgangspunte, metodes van ondersoek en doelwitte. Sekere sake het egter uit die referate na vore gekom wat as tendense in hedendaagse Nuwe-Testamentiese studies aangedui kan word.

Die inagneming van die verskynsel intertekstualiteit het 'n belangrike faktor geword. Vroeër is daar binne godsdienshistoriese ondersoeke ook gebruik gemaak van buite-Bybelse bronne en dit het kanonkritiese konsekwensies gehad. Deesdae word daar, sonder dat die kanonkritiek as sodanig op die agtergrond is, wyd aanvaar dat inligting van buite die Nuwe Testament onontbeerlik is vir die interpretasie van die Nuwe Testament. Tydens die byeenkoms in Sheffield is inligting so verkry vanuit die werke van Hellenistiese skrywers (Schweizer), Stoïsynse filosowe (Engberg-Pedersen), klassieke Griekse outeurs (Danker), Joodse bronne (Veltri), die kontemporêre geesteswêreld (Brenk), artefakte soos argeologiese bevindings (Betlyon, Edwards & Overman) en muntstukke (Van Aarde), apokriewe literatuur (Schaberg, Rordorf, Stoops, Norelli, MacDonald) en Nuwe-Testamentiewe geskrifte onderling (Metzing, Porter, Painter).

Alleen twee bydraes het egter die belang van intertekstualiteit metodologies ernstig opgeneem, te wete dié van McKnight en Van Aarde. Eersgenoemde het dit sterk gekoppel aan 'n dekonstruktiewe interpretasie van die Nuwe Testament en

laasgenoemde aan 'n narratologiese en resepsie-analitiese benadering. McKnight se bydrae is veral in dié opsig betekenisvol dat hy 'n oorwegend negatiewe hermeneutiese benadering positief aangewend het.

Selfs ou vraagstukke is nuut in terme van bogenoemde tendens hanteer. So byvoorbeeld is 'n tradisionele bronne-ondersoek implisiet in terme van wat as pre-tekstualiteit (Newport) en ko-tekstualiteit (Miller) bekend kan staan, uitgevoer. Die oorsig wat van die moderne historiese Jesus-vraag gebied is, staan direk in die middel van die genoemde tendens (Borg, Fowl). Die dogmatiese inspirasie-probleem is selfs só nuut ondersoek (Kotzé). Tiperings van nuut geïdentifiseerde mikro-genres (Painter) kan miskien ook hieronder genoem word.

Die opbloei van die studie van Nuwe-Testamentiese apokriewe is nie net 'n uiting van bogenoemde tendens nie. Dit lewer ook 'n direkte en betekenisvolle bydrae tot die verstaan van die ontwikkeling van idees en gebeurtenisse in die vroegste Christendom.

Die feit dat die rekenaar ingespan is om die egtheidsvraagstuk van die briewe in die *corpus Paulinum* te ondersoek (Mealand), is waarskynlik die opvallendste aanduiding daarvan dat die Bybelwetenskap hom in 'n nuwe era bevind.

## COLLOQUIM BIBLICUM LOVANIENSE XXXVIII

### INLEIDEND

Die agt en dertigste byeenkoms van die Colloquium Biblicum Lovaniense, soos die 'Bijbelse Studiedagen te Leuven' bekend staan, was gewy aan die studie van die Tessalonisensebriewe. Die Katholieke Universiteit Leuven is in 1431 as die *Studium Generale* opgerig en die setel van die Faculteit Godgeleerdheid is die Middeleeuse Paus Adriaan VI-College op die bekende Hogeschoolplein. Die Colloquium het plaasgevind onder voorsitterskap van prof dr RF Collins wat internasionale bekendheid verwerf het vanweë sy publikasies oor die Tessalonisensebriewe. Twee ander Nuwe-Testamentici van die Katholieke Universiteit Leuven, proff J Delobel en J Lambrecht, het ook tydens die Colloquium bydraes gemaak. Laasgenoemde het Suid-Afrika in 1987 besoek en het lesings by onder andere die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria gegee. Die referate wat tydens die Colloquium gelewer is, word gedurende 1989 gepubliseer in die internasionaal bekende *Ephemerides Theologicae Lovanienses*, die teologiese vaktydskrif van die Katholieke Universiteit Leuven. Twee Suid-Afrikaners het referate gelewer en beide is verbonde aan die Universiteit van Pretoria, te wete proff JG van der Watt en AG van Aarde. Die ander referente is afkomstig van België, Oostenryk, Nederland, Zaïre, Wes-Duitsland, Ysland, Oos-Duitsland, Israel, Engeland, Skotland, Japan, Verenigde State van Amerika, Italië, Luxemborg, Spanje, Swede, Nigerië, Joego-Slawië, Switzerland, Griekeland en Frankryk. Die program het bestaan uit 13 hoofvoordrage, 17 kortvoordragte en 'n reeks van vier seminare in onderskeidelik Nederlands, Frans, Duits en Engels. Die seminare het respektiewelik gehandel oor Paulus se visie op die lot van die afgestorwenes na aanleiding van 1 Tess 4: 13-18, onder leiding van prof J Delobel (Leuven); Die eskatologie in 1 Tessalonisense vanuit 'n retoriese perspektief, onder leiding van prof R Kieffer (Lund); Die etiek van 1 Tessalonisense, onder leiding van prof U Schnelle (Erlangen); Die Sinoptiese tradisie in die Tessalonisense-briewe, onder leiding van dr CM Tuckett (Manchester). Van die belangrikste bydraes word soos volg hieronder opgesom. Wat die kortvoordragte betref, word daar alleen verwys na dié wat betrekking het op die pseudepigrafiese aard van 2 Tessalonisense.

## HOOFVOORDRAGTE

**RF Collins (Leuven): 'The Gospel of our Lord Jesus' (2 Th 1,8): A symbolic shift of paradigm.**

Paulus se gebruik van die 'sintetiese uitdrukking' τὸ εὐαγγέλιον τοῦ Χριστοῦ is simbolies daarvan dat hy sy apostoliese gesag betrek het op sy κήρυγμα van die evangelie oor Jesus Christus die Here en dat sy κήρυγμα gefokus is op die dood en opstanding van Jesus. Collins het reeds voorheen 'n intensiewe studie gemaak van die gebruik van die woorde κηρύσσω, εὐαγγέλιον en die titels Ἰησοῦς, Χριστός en Κύριος in die Tessalonisensebriewe. Daar is in daardie studies daarop gewys dat die titel Ἰησοῦς funksioneel betrekking het op die historiese Jesus en dat Χριστός en Κύριος as 'resurrectional titles' 'n teologiese refleksie verteenwoordig. Christos het 'n retrospektiewe dimensie en Kurios 'n prospektiewe dimensie. Eersgenoemde dimensie is veral prominent in 1 Tessalonisense en Collins verwys daarna as die 'recall motif'. In sy referaat het hy breedvoerig ingegaan op die linguistiese 'simbole' (veral die woorde μνημονεύω en οἴδατε) en die geloofsformules wat uitdrukking gee aan hierdie motief in die Tessalonisense-briewe. Dit is baie opvallend dat die retrospektiewe dimensie relatief afwesig is in 2 Tessalonisense en dat die relatief min gebruik van die gemelde 'simbole' en geloofsformules in 2 Tessalonisensie baie minder persoonlik van aard is in vergelyking met 1 Tessalonisense. Collins wys daarop dat hierdie verskuiwing in taalgebruik hand aan hand gaan met die bykans feitelike afwesigheid van die werkwoord κηρύσσω, die mindere voorkoms van die naamwoord εὐαγγέλιον en die algehele gebrek aan eksplisiete verwysings na die dood en opstanding van Jesus in 2 Tessalonisense. Hierdie verandering in taalgebruik noem Collins 'n 'paradigmatic shift away from the past and the Pauline proclamation to the future and the expectation of the parousiac Lord.' Die skrywer van 2 Tessalonisense het gekies om sy vermanende instruksie op tradisie te baseer wat wel aan Paulus toegeskryf word, maar wat nie gebaseer is op die algemene en tradisionele geloof van die kerk nie. Hierdie 'paradigma-verandering' kom volgens Collins 'simbolies' vorendag in die weglaat van die Pauliniese uitdrukking τὸν εὐ αγγέλιον τοῦ Χριστοῦ en die invoer van die uitdrukking wat 'n *hapax legomenon* in die Nuwe Testament is, naamlik τὸν εὐαγγέλιον τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ.

J Plevnik (Toronto): Pauline presuppositions.

Die term 'Pauliniese vooronderstellings' verwys vir Plevnik na daardie grondliggende dinge wat die apostel kon aanvaar die gemeentes vir wie hy geskryf het, reeds weet. Dit is dinge wat verband hou met die evangelie, Christelike

leefwyse en Paulus se bediening. Indien gemeentes nie hiervan kennis sou dra nie, omdat hy miskien nie self die betrokke gemeentes gestig het nie, is die tuisbring daarvan in sy briewe voorwaarde vir kommunikasie. Hierdie vooronderstellings word dikwels in Pauliniese studies verontagsaam ter wille van die ondersoek na die koherensie of die sentrum van die Pauliniese teologie. Volgens Plevnik moet die Pauliniese vooronderstelling gesien word as die 'clue to his letters'. Dit het volgens hom te make met die 'initiation in the faith'.

Vorm-kritiese ondersoeke na die sogenoemde tradisie-gedeeltes (bv 1 Kor 11: 23-25; 15: 3b-5; Rom 1: 3-4 en Fil 2: 6-11) gaan gewoonlik in op die pre-Pauliniese of nie-Pauliniese aard van dié gedeeltes. Plevnik is veeleer in hierdie gedeeltes geïnteresseerd as veronderstelde vroeëre instruksies van Paulus self. Hierdie vooronderstellings kan moontlik beskou word as die basis van Paulus se teologie waarop hy in verskillende kontingente situasies voortgebou het. Die volgende sake blyk sulke vooronderstellings te wees: die geloof in die één God, die Vader; geloof in Jesus Christus as God se Seun; die bevrydende betekenis van Christus se dood en opstanding; die teenswoordige heerserskap van Christus; Christus se koms aan die einde van die tyd; die gelowige se teenswoordige deelname aan Christus, aan die opstanding uit die dood en aan die finale oordeel. Betreffende die brief aan die gemeente in Rome wat nie deur Paulus self gestig is nie, wys Plevnik daarop dat die apostel sy betoog lewer teen die agtergrond van die veronderstelde optrede van 'n mens in die algemeen of van enige Christen in die algemeen. Wat 1 Tessalonisense betref, bou Paulus voort op die herinnering aan sy oorspronklike sending in Tessalonika en sy eskatologiese instruksie daar. Hy gebruik hierdie veronderstelde kennis as basis om sy lesers te midde van beproewinge te bemoedig. Wat die eskatologiese instruksie betref, lê Plevnik baie klem op die feit dat Paulus sê dat die gestorwe gelowiges eerste sal opstaan en die terugkerende Here sal ontmoet vóórdat diegene wat nog lewe, dit sal doen. Hiermee bestry Paulus, volgens Plevnik, die kontemporêre opvatting dat die godheid ontmoet sal word sonder dat die mens eers hoef dood te gaan. Met behulp van hierdie en ander vooronderstellings toon Paulus hoedat die Christen se leefwyse verskil van dié van die heiden.

Ten slotte het Plevnik sy resultate vergelyk met die werkwyse van twee ander Paulus-kenners, te wete JC Beker en RB Hays. Eersgenoemde is geïnteresseerd in die beskrywing van die koherensie van die Pauliniese teologie in terme van 'n sentrum en kontingente situasies. Beker meen dat die kontingensies in die Pauliniese teologie verstaan moet word vanuit die apostel se grondliggende verstaan van God se daad in en deur Jesus Christus soos dit op pad na Damaskus aan die apostel openbaar is. Op grond hiervan is die sentrum van die Pauliniese teologie

die kosmiese oorwinning van God. Volgens Plevnik sal Beker metodologies verder kom as hy sy resultate uitwerk in die lig van die Pauliniese vooronderstellings. Hays het dit wel gedoen. Volgens hom is die storie van Jesus Christus se gehoorsaamheid en getrouheid ('the obedience and faithfulness of Jesus Christ') die sentrum van die Pauliniese soteriologie. Hierdie storie word deur die apostel veronderstel en die 'regverdigheid uit geloof' word nou deur Hays geïnterpreteer as 'deelname aan die geloof van Jesus Christus'. Sonder om met laasgenoemde opmerking instemming in alle opsigte te betoon, gee Plevnik erkenning aan Hays, hoewel hy die 'storie' as baie meer omvattend beskou.

KP Donfried (Northampton, MA): 1 Thessalonians, Acts and the early Paul. Die feit dat 1 Tessalonisense in resente pogings tot komprehensiewe beskrywings van die Pauliniese teologie min aandag kry, is vir Donfried 'n aanduiding daarvan dat FC Baur se tese dat 1 Tessalonisense nie 'n Pauliniese gees adem nie, op 'n subtiele wyse gehandhaaf word. Tog vind die Tübingen-skool se standpunt met betrekking tot die Pauliniese egtheid van 1 Tessalonisense feitlik geen steun nie. Verder is dit opvallend dat P Vielhauer se invloedryke studie oor die verwringing van die Paulus-beeld in Handelinge geen enkele verwysing na 1 Tessalonisense bevat nie.

Donfried sluit aan by 'n hedendaagse tendens onder Paulus-kenners wat tussen 'n 'vroeë Paulus' en 'n 'latere Paulus' onderskei. Hierdeur wil hy aandui dat 1 Tessalonisense by uitstek die sleutel is tot die verstaan van die teologie en etiek van die 'vroeë Paulus' en dat 1 Tessalonisense, anders as Romeine en Galasiërs, wel 'n samehang vertoon met sekere aspekte van die Lukaanse beeld van Paulus in Handelinge. Donfried suggereer verder dat die denkpatrone van die 'latere Paulus' nie as vertrekpunt gebruik moet word om 1 Tessalonisense te verstaan nie, maar wel dié van die Hellenistiese kerk en spesifiek die kerk in Antiochië. Paulus het hoogs waarskynlik baie van sy teologie en sendingperspektiewe van die kerk in Antiochië ontvang. Die kontingente situasie in Tessalonika het hom egter verplig om verder as die grense van sy opleiding te gaan. Donfried meen dus dat dit nie nodig is om Lukas se Paulus-beeld as 'n verwringing van wat uit die briewe van Paulus self afgelei kan word, te beskou nie. Hoewel Lukas vanuit sy eie teologiese perspektief vir Paulus teken, kan dit steeds 'n relatief akkurate weergawe van die 'vroeë Paulus' en sy teologie op daardie stadium wees. Na 'n breedvoerige bespreking van aspekte met betrekking tot chronologie, dateer Donfried 1 Tessalonisense in ongeveer 43 na Christus.

Elemente wat vanuit die Hellenistiese kerk in 1 Tessalonisense opgeneem is, is: die trias 'geloof, liefde en hoop' in 1: 3; fragmente van sendingprediking in 1: 9-10; die taalgebruik van die populêre filosowe en van die Hellenistiese kultus in 2: 1-12; die anti-Joodse *topoi* in 2: 13-16; die elemente van παραίνεσις in 4: 1-12 en in hoofstuk 5; sekere frases in 4: 13-18. Maar dit is veral die wyse waarop die opstandingsgeloof in 1 Tessalonisense uitgedruk word teenoor dié in 1 Korintiërs wat daarop dui dat die 'vroeë Paulus' in 1 Tessalonisense aan die woord is. In 1 Korintiërs benader Paulus die opstanding uit die dood in terme van die Hellenistiese dualisme en vorm die dood as sodanig die fokus van sy probleem. Soos Gerd Lüdemann is Donfried van mening dat ons in 1 Tessalonisense veeleer met 'n 'παρουσία-hoop' as met 'n 'opstandings-hoop' te doen het. Die formule Ἰησοῦς ἀπέθανεν καὶ ἀνέστη in 1 Tessalonisense 4: 14 is ongetwyfeld 'n pre-Pauliniese formule, aangesien Paulus self konstant die werkwoord ἐγείρω gebruik en nie ἀνίστημι nie. Paulus gebruik in 1 Tessalonisense die 'ou' formule as basis om 'nuwe' inligting te verskaf, naamlik dat die opstanding van Jesus die grondslag vorm van Christene se geloof dat hulle met Christus by sy παρουσία sal verenig. Paulus se sekerheid hieroor word in 1 Tessalonisense gebou op die verband wat hy lê tussen Christus se opstanding en die feit dat die Christen ἐν Χριστῷ is (vgl 2: 14; 3: 8).

Een van die voorbeelde wat Donfried bespreek om die ooreenkoms tussen Handelinge se Paulus-beeld en dié in 1 Tessalonisense aan te dui, hou met die apostelskap-motief verband. Dit is bekend dat Lukas in die algemeen nie die titel 'apostel' vir Paulus gebruik nie. Dié term kom ook net een keer in 1 Tessalonisense voor en wel in die meervoud, naamlik in 2: 7. Paulus beklemtoon in hierdie brief nie sy apostoliese gesag deur die term 'apostel' te gebruik nie, maar verwys eerder na sy dade. Donfried sluit in hierdie verband by J Jervell aan wat meen dat Paulus wel in Handelinge as die 'eerste onder die apostels' gesien word en wel as gevolg van sy apostoliese aktiwiteit. Ander voorbeelde van sulke ooreenkomste is: Die vreugde wat die Heilige Gees moontlik maak, hoewel verdrukking ervaar word (1 Tess 1: 6 en Hand 13: 52); die verwysing na Paulus se 'kragtige optredes' wat saam met sy verkondiging gaan (1 Tess 1: 5 en Hand 14: 3,10; 15: 12; 19: 11); die uitruilbaarheid van die term 'evangelie' met 'woord' (1 Tess 1: 5; 2: 13 en Hand 14: 7, 21; 16: 32; 17: 11, 13); die gebruik van die woord στηρίζειν ('om te versterk') wat by Paulus net in 1 Tessalonisense 3: 2, 13 en Romeine 1: 11; 16: 25 voorkom, maar wat ook in Handelinge 14: 11 en 15: 32 aangetref word; die verwysing na die lyding van Christus in 1 Tessalonisense 1: 6; 2: 14 en die ἀνίστημι van Christus in 1 Tessalonisense 1: 5; 4: 14 word ook in Handelinge vermeld en wel in daardie deel

wat besonderlik oor Paulus se besoek aan Tessalonika handel, naamlik hoofstuk 17 en veral vers 3; die verwysing na 'voorgangers in die gemeente' in 1 Tessalonisense 5: 12-13 (προϊσταμένους) en in Handelinge 14: 23 (πρεσβύτερους) en 20: 28 (ἐπίσκοπους); die verwysing na Paulus se verkondiging aan heidene wat op een of ander wyse deur die sinagoge aangetrek is (1 Tess 2: 14-16 en Hand 13: 14; 14: 1; 17: 1, 2; 19: 8 - vgl ook 16: 13).

Donfried is egter nie van mening dat daar 'n diskontinuïteit is tussen die 'vroeë Paulus' wat in 1 Tessalonisense aan die woord is en die 'latere Paulus' wat in Romeine en Galasiërs aan die woord is nie. Die temas soos 'wet' en 'regverdigmaking' wat in laasgenoemde briewe voorkom, moet gesien word as 'kontingente toepassings' van die basiese struktuur van Pauliniese denke wat reeds in 1 Tessalonisense aangetref word, naamlik sy 'teologie van verkiesing'.

**W Wuellner (Berkeley, CA):** The rhetorical structure of 1 Thessalonians. Wuellner begin met 'n stelling van H-D Betz wat in 1986 tydens die Colloquium Biblicum gemaak is: 'the kind of rhetoric Paul practices in his letters is completely unresolved, and even undiscussed yet'. Om te weet watter tipe retoriek Paulus in 1 Tessalonisense beoefen, moet daar volgens Wuellner gevra word nie na die retoriek in 1 Tessalonisense nie, maar na die retoriek van 1 Tessalonisense. Voorwaarde van sodanige retoriese analise is die insig in die doel van skrywe. Volgens die 'nuwe retoriek' word daar na die doel van skrywe verwys as die 'retoriese situasie' en dit word beskryf deur die identifisering van die tipe retoriese genre wat die dokument verteenwoordig. Hierdie 'retoriese situasie' moet nie met die aktuele 'historiese situasie' verwar word nie. Volgens Wuellner is die 'retoriese situasie' van 1 Tessalonisense gegiet in die sogenoemde 'epideiktiese genre' en besonderlik in die '*paradoxon enkomion*' as 'n subkategorie van die 'epideiktiese genre'. In die 'epideiktiese genre' verwag die outeur nie as sodanig 'n beslissing van sy leser nie, maar die leser se instemming (*commitment*) (of afwysing van waardes) wat alreeds aan 'n gebeure verbind is, word versterk. Die *commitment* van Paulus en van die leser wat in 1 Tessalonisense versterk word, hou verband met die paradoksale aard daarvan. Hierdie paradoks het in 1 Tessalonisense 'n dubbele karakter: Eerstens, die ervaring van beproewing as diens aan God en aan mekaar en tweedens, die ervaring van die volheid van 'n 'pneumatologiese' lewe in die hede terwyl 'n vervollediging daarvan wat by die παρουσία sal aanbreek, afgewag word.

Wuellner se retoriese indeling van 1 Tessalonisense sien, wat die hoofkomponente daarvan betref, soos volg daaruit: *Exordium* (1: 1-10); *Argumentatio* (2: 1-5: 22) bestaande uit twee dele, te wete 2: 1 - 3: 13 (bevestiging van die paradoksale

instemming van geloof in 'ongelooflike' situasies) en 4: 1 - 5: 22 (die paradoksale instemming van geloof en volgehoue aksie); *Peroratio* (5: 23-28) bestaande uit twee dele, te wete 5: 23-24 ('recapitulation') en 5: 25-28 (die finale pathos-appèl).

Wat die *exordium* betref, maak Wuellner twee belangrike opmerkings. In die eerste plek verwys hy na die tipe *exordium* wat in 1 Tessalonisense voorkom, as die *insinuatio*-tipe. Drie dinge kenmerk hierdie tipe soos dit in 1 Tessalonisense 1: 1-10 voorkom: (1) Die *partitio* in 1: 3 wat nie met behulp van die trias 'geloof, liefde en hoop' die hoofargument as sodanig inlei nie, maar wel die 'disassosiatiewe argumentvoering' wat die hele 1 Tessalonisense oorheers (vgl die paradoksale aard van die 'retoriese situasie' soos dit hierbo kortliks uiteengesit is); (2) die negatief in 1: 5 (die eerste van baie in 1 Tessalonisense) wat ook as 'disassosiatiewe argumentvoering' funksioneer; (3) die eerste *oxymoron* in 1: 6 (vreugde te midde van die verdrukking).

Wat die *argumentatio* betref, bou die eerste deel daarvan nie, soos reeds gesê, op die drie aspekte geloof, liefde en hoop van die eerste *partitio* nie, maar op die geloofwaardigmaking van (1) die ervaring en waarde wat uitgedruk is in die sentrale *oxymoron* (volkome oortuiging en vreugde te midde van volkome lyding en beproewing) en (2) die ervaarbaarheid van die 'disassosiasie' tussen teenswoordige werklikheid en toekomstige werklikheid, tussen geloofskrisisse en geloofsvolkomenheid, tussen skynbare afwesigheid en werklike teenswoordigheid. Die tweede deel van die *argumentatio* gee berig van die intensiteit van Paulus se pastorale sorg as 'n koherente uitbou van die triomferende geloof te midde van aanhoudende neerdrukkende omstandighede. Hierdie 'disassosiasie', word uitgewerk vanuit die perspektief van die 'belofte' om 'altyd by die Here te wees' (4: 17), om 'saam met Hom te lewe' (5: 10), van die werklikheid van die 'koms van ons Here Jesus Christus' (1: 10; 3: 13; 5: 23) wat aanvullend is by die werklikheid van 'God die Vader' of 'ons God en Vader', 'die lewende en ware God'.

Wat die *peroratio* betref, is die eerste deel daarvan 'n herhaling van die hoofsaak van die *argumentatio* en korreleer die tweede deel daarvan met die *exordium*: Die ondersteunende gebed vir Paulus; die gemeenskaplike harmonie en die solidariteit met alle mede-gelowiges.

Wuellner meen ten slotte dat die resultaat van sy ondersoek daarop dui dat die koherensie van Paulus se briewe nie gesoek moet word in sy denkraamwerk of die logika van sy denke, sy teologie en etiek, sy 'semantiese universum' of sy 'sisteem van oortuigings' wat hy met sy lesers deel nie, maar veeleer in die intensiteit van sy pastorale sorg.

H Koester (Harvard): From Paul's eschatology to the apocalyptic schemata of 2 Thessalonians.

Albei briewe aan die Tessalonisense maak van tradisionele apokaliptiese materiaal gebruik. Daar kan egter nie op grond van hierdie gebruik uit die briewe afgelei word dat die oortuigings van die gemeente in Tessalonika op enige wyse beïnvloed sou wees deur die heidense verlede van die gemeentelede (vgl bv die studies van Holland Hendrix en Karl Donfried) of deur 'millenniaristiese' sentimente wat na bewering op een of ander wyse te doen het met die verband tussen die kultus van die Kabiros en die keiserkultus of met die kultus van Dionusos (soos Robert Jewett en Robert Evans meen) nie. Koester wys aan die een kant daarop dat dit byvoorbeeld baie moeilik, indien nie onmoontlik nie, is om argeologiese bevindinge met betrekking tot die ou stad Tessalonika van die Bybelse tyd te gebruik om die briewe aan die Tessalonisense te help interpreteer.

Argeologiese vondste het in werklikheid baie min opgelewer. Die meeste het met monumente te make, soos die Boog van Galerius en die Rotunda. Verder is die Romeinse Forum en die paleis van Galerius in diepte ontgin. Die blootlê van 'n Isis-tempel en die vind van talle inskripsies en beeldhouwerk wat met die Egiptiese kultus verband hou, sestig jaar gelede tydens 'n konstruksie van 'n pad, is inderdaad opwindend. Dit lewer egter nie inligting wat help om die briewe aan die Tessalonisense te interpreteer nie. Koester is aan die ander kant ook skepties dat daar ooit 'n volledige geskiedenis van die godsdienste wat in Tessalonika beoefen is, geskryf sal kan word. Wat die kultus van die sogenoemde 'Romeinse weldoeners' van die laat republikeinse periode en die vroeë keiserperiode betref, het Holland Hendrix wel genoeg data gekry om 'n beskrywing daarvan te gee. Maar wat die daaropvolgende tweehonderd jaar van die keiserperiode betref, is daar feitlik geen vondste nie. Dit is hierdie periode wat met die oog op die interpretasie van die Tessalonisense-briewe belangrik sou kon wees. Die enigste uitsondering wat hierdie periode betref, is die tyd van Galerius. Vaste data het hieroor aan die lig gekom. Daar bestaan egter nie argeologiese besonderhede met betrekking tot die godsdienste, soos die Judaïsme, wat in Tessalonika beoefen is nie. Dit is ook nie moontlik om met behulp van die vyfde-eeuse Samaritaanse inskripsie wat in Tessalonika gevind is en met behulp van die verwysing na Jason (wat volgens Handelinge 17: 5-9 vir Paulus en Silas huisvesting verleen het ten tyde van die Jode se opstandigheid, maar wat nie deur Paulus self in sy brief aan die Tessalonisense vermeld is nie) die geskiedenis van die Jode in Tessalonika oor 'n tydspan van 'n halwe millennium te rekonstrueer nie.

Volgens Koester moet die verwysingsraamwerk van Paulus se godsdienstige denke en dié van sy lesers vasgestel word deur middel van 'n analise van die tradisies wat in die Tessalonisense-korrespondensie self voorkom en daar op 'n bepaalde wyse geïnterpreteer is. Hy gee daarom veral aandag aan die term παρουσία. Hierdie term word vier maal in 1 Tessalonisense (2: 19; 3: 13; 4: 15; 5: 23) en twee maal in 2 Tessalonisense (2: 1, 8) gebruik. Dit kom elders net een maal by Paulus voor, naamlik 1 Korintiërs 15: 23. Die term word in 1 Tessalonisense egter nie in kontekste aangewend wat pre-Pauliniese materiaal bevat nie. 1 Tessalonisense 1: 9-10 is 'n voorbeeld hiervan. Koester beskou dus die gebruik van die term παρουσία as tipies Paulinies. Hy meen ook dat dit 'n politieke term is wat verband hou met die status van die gemeenskap in Tessalonika. Die koms van die Here word beskryf in terme van die koms van 'n koning of keiser en waarvoor die gemeenskap hom moet gereedmaak.

Koester verklaar die probleem in 1 Tessalonisense 4: 13-18 rondom die ontslapenes in terme van die politieke konnotasie van die term παρουσία sowel as van die term ἀπάντησις (1 Tess 4: 17) en nie in terme van die vermeende vraagstuk van die uitbly van die wederkoms nie. Hy meen dat Paulus glad nie in sy briewe hierdie vraagstuk hanteer het nie. Hierdie terme word deur Paulus gebruik om die koms van die Here te beskryf as die geleentheid wanneer die hele gemeenskap - diegene wat nog lewe èn diegene wat gesterf het en opgestaan het - die Here gaan ontmoet soos 'n afvaardiging van die stad uit sou gaan om die keiser te ontmoet wanneer hy die stad besoek. Die punt waarom dit hier gaan, is dat die ontslapenes vóór die ontmoeting sal opstaan. 'n Visuele beeld van hierdie gebeurtenis kan volgens Koester afgelei word vanuit die argeologiese bevinding dat begraafplase van antieke Griekse stede oral en dikwels kilometers lank langs die hoofpaaie geleë was.

Koester is van mening dat daar grondliggend aan die gebruik van bogenoemde terme 'n tradisionele apokaliptiese tydtafel veronderstel moet word in terme waarvan gebeure in 'n bepaalde chronologiese volgorde plaasvind. Hy dui in hierdie verband 'n wesenlike verskil tussen 1 en 2 Tessalonisense aan. In 1 Tessalonisense is die afstand tussen toekoms en hede indifferent. Paulus verbeeld die gemeente as 'n eskatologiese utopiese alternatief van die Romeinse imperium. Op hierdie manier bou hy 'n eskatologiese gemeenskap op wat in die hede bestaan in geloof, liefde en hoop - 'n gemeenskap wat selfs die grens van die lewe na die dood oorskry het. In 2 Tessalonisense word die afstand tussen toekoms en hede versterk deur die inbring van intermediêre fases wat van die hede na die toekomstige παρουσία lei. Die verwysings na die ὁ κατέχων/τὸ κατέχον en die Antichris moet hoegenaamd

nie in terme van die Romeinse keiserryk geïnterpreteer word nie, maar as verteenwoordiging van die onderskeie fases van die apokaliptiese tydtafel.

IH Marshall (Aberdeen): Election and calling to salvation in 1 and 2 Thessalonians.

'n Belangrike aanleiding tot die skrywe van die briewe aan die Tessalonisense is om die lesers te bemoedig sodat hulle in die Christelike leefwyse kan volhard ten spyte van kwellinge en probleme. Die feit dat hulle deur God geroep en uitverkies is, voorsien vir Paulus die basis van sy bemoediging. Die vraag wat Marshall vra, is of J Gundry-Volf reg is as sy sê dat die uitverkiesing vir Paulus 'n onfeilbare waarborg is van die finale volharding. Op grond van 1 Tessalonisense 3: 5 het die lesers werklik gevrees dat hulle onder vervolging sal swig. In 1 Tessalonisense 1: 4v word uitverkiesingstaal gebruik om die lesers te verseker dat hulle waarlik aan die volk Israel behoort. God se uitverkiesing is 'n 'voorwêreldse' daad en tog reageer die uitverkorenes op God se roeping. Daar word egter nie na hierdie reaksie verwys as voorafbepaal deur God nie. Volgens 1 Tessalonisense 5: 9 is die doel van die uitverkiesing die finale redding. Die verwesenliking hiervan geskied egter nie sonder die inset van die mens nie. Die aandeel van die mens bepaal aan die ander kant ook nie die roeping deur God nie. Die gebede-berigte in 1 Tessalonisense 3: 11-13 en 5: 23v toon dat die redding van die lesers gedeeltelik afhanklik is van die gebede van Paulus ter wille van hulle. Dié gebede funksioneer as indirekte oproep dat die lesers self 'n aandeel sal hê in hulle finale redding.

Hierdie idees word volgens Marshall ook in 2 Tessalonisense aangetref, byvoorbeeld die gebed in 2 Tessalonisense 1: 11v. Net so moet 2 Tessalonisense 2: 13v nie gesien word as 'n uitspraak oor 'n absolute predestinasie nie. Die lesers se reaksie op die evangelie word steeds geëis. Marshall interpreteer 2 Tessalonisense 3: 3 in dieselfde terme.

Die voortspruitende logiese probleme rakende die klem op God se optrede naas die noodsaak van die gebed en die geloof van die kant van die mens, hinder glad nie vir Paulus nie. Ons moet derhalwe ook nie sy denke in so 'n logiese struktuur indwing nie. 'Divine and human causation cannot be brought together within human thinking and language.'

L Hartman (Uppsala): The eschatology of 2 Thes as included in a communication.

Hartman is geïnteresseerd in die eskatologie soos dit in 2 Tessalonisense as 'n kommunikasie-gebeurtenis uitgedruk word. Hy wil veral daarop wys dat hoofstukke

1 en 2 nie van mekaar geskei kan word nie. Die kommunikasie geskied in hierdie brief vanuit die perspektief van die Pauliniese skool en dit is gerig aan 'n groter groep gemeentes. Die hoofsaak waarom dit in die brief gaan, is dat die lesers vervolginge sien as deel van die eskatologiese einde. Hierdie selfde probleem kom ook in ander Nuwe-Testamentiese geskrifte voor. Die skrywer van 2 Tessalonisense wysig hierdie standpunt en versterk veeleer die lesers deur hulle voor te berei vir volgehoue stryd en hoop.

Wat die verband tussen hoofstukke 1 en 2 betref, wys Hartman daarop dat die temas oordeelsdag en ongelowige vervolgers in beide hoofstukke voorkom. Sy retoriese indeling is soos volg: *prooimion* (1: 3-12) wat na die hoofsaak vooruitgryp, 'n *filofronesis* en 'n bedekte *ekshortasie* bevat; *argumentatio* (2: 1-14); *conclusio* (2: 15); *peroratio* (2: 16-18).

Wat die eskatologiese inhoud van die brief betref, is die παρουσία-beeldspraak Paulinies van aard maar die koppeling daarvan met die 'wettelose mens' het geen presedente nie. Hartman vra of die tema 'wetteloosheid' in die Sinoptiese Evangelies nie miskien die skrywer by hierdie konsep uitgebring het nie. Die uitwerking wat hierdie figuur by die lesers het, is dat dit die παρουσία vertraag en dat dit die teenswoordige boosheid en verval 'n identiteit gee. Die ὁ κατέχων help om die verdrukkinge as eskatologies te identifiseer. Op hierdie manier word verwagtinge afgeskaal en tog lewendig gehou. Wat die Godsbegrip in die brief betref, word God gesien as altyd aan die kant van die lesers en teenoor hulle teëstanders. God is die oorsaak agter alles in die brief: Hoewel die ongelowige vervolgers weier om die evangelie te aanvaar en hulle misleiding ingesluit is by dié van die 'wettelose mens', is dit God wat die misleiding oor hulle laat kom het.

Volgens Hartman moet 2 Tessalonisense nie gelees word vanuit die perspektief dat eskatologiese entoesiasme gekalmeer word nie. 'The main problem is the harassment of the Christian minorities, a problem of which we also know from other NT texts (cf the situation in the line between Nero to Domitian).'

F Laub (München): Paulinische Autorität in nachpaulinischer Zeit (2 Thess). Die insig dat 2 Tessalonisense nie 'n egte Paulusbrief is nie, word veral gegrond in die feit dat 2 Tessalonisense 'n 'meganiese' nabootsing van 1 Tessalonisense is en dat die eskatologie in 2 Tessalonisense teen Pauliniese outeurskap spreek. Laub is geïnteresseerd in die vraag hoe die na-apostoliese gesag van die apostel Paulus in 2 Tessalonisense uitgedruk is. Volgens Laub was dit die bedoeling van die outeur van 2 Tessalonisense om met sy brief 1 Tessalonisense as 'n 'valse' brief te verdring. Sy argumente sien soos volg daaruit: (1) die *aufgekommene Naherwartung* waarvan

daar in 2 Tessalonisense sprake is, kan nie op 1 Tessalonisense gebou word nie; (2) die eskatologie in 2 Tessalonisense 2: 3-12 vervang dié in 1 Tessalonisense deurdat laasgenoemde in die betrokke gedeelte in 2 Tessalonisense verswyg word; (3) die vermaning van die 'onordelikes' (ἄτακτοι) in 2 Tessalonisense 3: 6vv word wel in terme van 1 Tessalonisense uitgedruk maar, wat eintlik gebeur, is dat die vermaning gegrond word op Paulus se voorbeeld en nie op 1 Tessalonisense as brief nie; (4) volgens 2 Tessalonisense 2: 2 word 1 Tessalonisense deur die outeur van 2 Tessalonisense beskou as 'n 'valse' Paulus-brief, terwyl die outeur se eie woord volgens 2 Tessalonisense 2: 5 as 'eg' voorgehou word en dit word deur hom in 2 Tessalonisense 3: 14 beklemtoon deurdat hy woorde oorneem uit ander 'egte' Paulusbriewe, te wete 1 Korintiërs 16: 21 en Galasiërs 6: 11.

Die wyse waarop die outeur van 2 Tessalonisense sy argument op die gesag van Paulus bou, is heeltemal anders as wat dit die geval in Kolossense en Efesiërs is. In laasgenoemde deutero-Pauliniese briewe is die Pauliniese teologie so uitgebou dat die Pauliniese erfenis steeds bewaar is. In 2 Tessalonisense vind ons 'n nabootsing van 'n Paulus-brief terwyl die Pauliniese teologie, besonderlik die eskatologie, nie daarin verder gevoer word nie, maar vervang word. Daarom kan 'n mens wel in 'n sekere sin die outeur van 2 Tessalonisense 'n *Vertreter des Apostolizitätsprinzip* noem. W Marxsen sê dat hierdie prinsiep deur die outeur van 2 Tessalonisense op sy eie manier misbruik is. Die prinsiep word naamlik nie saaklik aangewend nie, maar formeel. Die outeur se bedoeling is klaarblyklik dat sy lesers vanweë die onsekerheid van die paroesie vas moet hou aan die apostoliese 'paradosis'. Hierdie 'oorlewering' is normatief omdat dit volgens die outeur deur Paulus self geleer is. In feite bevat hierdie 'paradosis' nie die Pauliniese teologie waar die heilsindikatief gesien word as die grond van die etiese imperatief nie. Christologies gesien, word daar in 2 Tessalonisense glad nie melding gemaak van die kruis en opstanding as die aanbreek van die 'laaste dae' in die ou bedeling nie. Die eskatologiese toekoms word in die hede bepaal deur 'n apokalipties-georiënteerde vergeldingsgerig (2 Tess 1: 5-10; 2: 10-12). Volgens die 'klassieke Paulus' word die eksistensie van gelowiges bepaal deur die teenswoordigheid en toekomstigheid van die heil in Christus.

In navolging van Marxsen wys Laub daarop dat die terme κύριος, εὐαγγέλιον en ὑπακούειν op 'n besondere wyse in kombinasie in 2 Tessalonisense (vgl 1: 8) gebruik word wat duidelik verskil met Paulus se opvatting oor die 'krag van die evangelie' (vgl Rom 1: 16). Vir Paulus is dit die evangelie as die krag van God wat die lewe van die gelowige bepaal. Vir die outeur van 2 Tessalonisense word die evangelie die 'waarheid' wat staan teenoor die 'dwaalleer' en die 'leuen'. Volgens W Trilling het die Pauliniese verkondiging in 2 Tessalonisense *Lehr- und*

*Formelsprache* geword. Laub formuleer dit soos volg: *'Evangelium', 'Wahrheit', 'Paradosis' (tradierbare Lehre) sind so mehr oder weniger austauschbare Begriffe.* Insgelyks word 1 Tessalonisense se *Nachahmungsterminologie* (vgl 1 Tess 1: 6v) met 'n ander inhoud in 2 Tessalonisense (vgl 1 Tess 3: 7, 9) vervang. Vir Paulus gaan dit wat sy eie voorbeeld betref, om die geloofwaardigheid van sy evangelieverkondiging. Vir die outeur van 2 Tessalonisense kry die term τύπος die enkelvoudige konnotasie van om 'n voorbeeld in etiese sin te wees.

Die outeur van 2 Tessalonisense het in hierdie verband die 'onordelikes' (ἄτακτοι) (3: 6-15) in die oog gehad. Die Paulus-beeld is in hierdie konteks formeel gelyk aan die apostoliese 'paradosis'.

J Lambrecht (Leuven): Thanksgiving in 1 Thes 1-3.
Lambrecht het die struktuur van die dankseggingsgedeeltes in Romeine (1: 8, 9-10), 1 Korintiërs (1: 4-6), Filippense (1: 3-7), Filemon (4-6) en 1 Tessalonisense (1: 2-5; 2: 13; 3: 9-10) geanaliseer. Sy bevindinge is: (1) die struktuur van die Pauliniese danksegging word gekenmerk deur 'n basiese bipolariteit, 'n dubbele fokus waaromheen al die gedagtes sentreer en dit is naamlik die adressant en die geadresseerde . (2) Danksegging is essensieel herinnering van die verlede en hierdie herinnering word 'n doel op sigself wat op die toekoms fokus. (3) Hoewel Paulus stereotipe uitdrukkings in sy dankseggingsgedeelte gebruik, is hy nie 'n slaaf van 'n skematiese volgorde nie. Hy varieer woorde sowel as konstruksies. Lambrecht kom dus tot die gevolgtrekking dat Paul Schubert se studie dat die Pauliniese dankseggingsgdeeltes hoofsaaklik in twee hooftipes ingedeel kan word, nie standhou nie.

Lambrecht het vervolgens ingegaan op enersyds JL White se aansluiting by die tese van Schubert dat die 'body' van die Pauliniese brief opgeneem is in, gevorm is deur en logies afhanklik is van die dankseggingsgedeelte. Volgens hierdie tese bly die 'body' egter steeds 'n selfstandige strukturele element in die briefvorm. Tweedens het hy aandag gegee aan Robert Funk se beskouing dat die genre van die Pauliniese brief getipeer kan word as 'apostoliese parousfa. Dit word so getipeer omdat die apostel sy gesag effektief maak deur middel van sy briewe, terwyl hy self nie by die gemeente teenwoordig is nie. Derdens het Lambrecht gekyk na F Schnider en W Stenger se beklemtoning van die retoriese tegnieke in die Paulus-briefvorm. Volgens Schnider en Stenger is 1 Tessalonisense hiervolgens 'n 'selfaanbeveling'. Lambrecht maan egter teen 'genre hunting': '... one should always first try a more natural procedure.' Volgens Lambrecht is hede, verlede en toekoms sowel as die dubbele fokus op adressant en geadresseerde in hulle relasie

tot God en Jesus Christus, die strukturerende faktore in 1 Tessalonisense 1-3. Wat die drie dankseggingsgedeeltes in hierdie gedeelte betref, beskou Lambrecht die tweede as 'n herhaling van die eerste. Die derde verteenwoordig 'n ontwikkeling deurdat dit na 'n meer resente punt in die verlede verwys, naamlik die vreugde wat die terugkeer van Timoteus na Paulus in Korinte veroorsaak het.

Die struktuur van 1 Tessalonisense 1-3 sien volgens Lambrecht soos volg daaruit:

1: 1 - groet
(a) 1: 2-10 - danksegging
(b) 2: 1-12 - apologetiese rapport
(a) 2: 13-16 - danksegging
(b) 2: 17 - 3: 8 - rapport oor die tusseninperiode
(a) 3: 9-10 - danksegging
3: 11-13 - eskatologiese wens/gebed.

Hierdie struktuur neem veral in ag die drie dankseggings wat onderskeidelik by 1: 2; 2: 13 en 3: 9 begin, die verskuiwing van die fokus op die geadresseerde na die adressant in sowel 2: 1 en 2: 17, en laastens die relatief selfstandige aard van 3: 11-13.

KORT REFERATE

CH Giblin (New York): 2 Thessalonians 2 re-read as pseudepigraphal: A revised reaffirmation of 'The threat to faith'.

In die onderhawige referaat kom Giblin terug op die monografie wat hy in 1967 oor 2 Tessalonisense geskryf het. Die titel van die boek is: *The threat to faith: An exegetical and theological re-examination of 2 Thessalonians 2.* Sekere beskouings word hersien, maar die basiese tese van die boek word steeds deur hom gehandhaaf. Destyds het hy gemeen dat 2 Tessalonisense 'n brief van Paulus is; vandag beskou hy die brief as pseudepigrafies. Die outeur van 2 Tessalonisense se bedoeling was om tradisionele onderrig oor die παρουσία as die oomblik van finale hereniging met die Here te versterk. Hy herinner in die 'body' van die brief sy lesers daaraan dat hulle 'n hoogtepunt in die bedreiging van hulle geloof kan verwag, naamlik die figuur van die 'wettelose mens', die anti-God, die anti-Christus. Hy bring hierdie hoogtepunt in die bedreiging in verband met die bedreiging wat hulle toe ervaar het, te wete die figuur van die ὁ κατέχων.

GS Holland (Meadville, Pennsylvania): A letter supposedly from us: A contribution to the discussion about the authorship of 2 Thessalonians.
Holland kritiseer Robert Jewett wat waarskynlik die mees resente Nuwe-Testamentikus is wat die Pauliniese outeurskap van 2 Tessalonisense verdedig het. Jewett kan nie maar net die teorieë teen Pauliniese outeurskap afwys nie. Hy aanvaar wel dat die bewyslas rus op diegene wat die Pauliniese outeurskap wil bewys. Jewett wys onder andere na die eksegetiese probleme rondom 2 Tessalonisense 3: 17 as 'n argument teen pseudonimiteit. Hy moet egter aantoon hoe hierdie verwysing inpas in 'n Pauliniese denkraamwerk.

Holland spits derhalwe sy aandag toe op 2 Tessalonisense 3: 17 en betoog op grond van hierdie verwysing ten gunste van pseudonimiteit. Volgens hom is pseudonimiteit 'n konstitutiewe element van die apokaliptiese genre. Die openbaring van God wat in dié genre meegedeel word, geskied in die naam en gesag van 'n gesaghebbende figuur uit die verlede. Ons vind dieselfde verskynsel by Paulus in 1 Korintiërs 15 en in 1 Tessalonisense 4. In hierdie gedeeltes word daar 'n beroep op Jesus as openbaringsfiguur gedoen. Indien Paulus die outeur van 2 Tessalonisense sou wees, sou daar verwag kan word dat daar 'n soortgelyke beroep op Jesus as openbaringsfiguur gedoen sou gewees het. Wat egter wel gebeur, is dat daar 'n beroep op Paulus as gesaghebbende figuur gedoen word. Dit is 'n duidelike aanduiding dat die outeur deutero-Paulinies is. Die verwysing in 2 Tessalonisense 3: 17 het hierop betrekking.

DD Schmidt (Fort Worth, Texas): The syntactical style of 2 Thess: How Pauline is it?
Sedert W Wrede is die debat rondom die linguistiese en stilistiese gegewens die belangrikste aangeleentheid in die keuse vir of teen die Pauliniese outeurskap van 2 Tessalonisense. W Trilling het veral op grond van substantiewe en adjektiewe grammatikale konstruksies in 2 Tessalonisense 'n betoog teen Pauliniese outeurskap gelewer. Edgar Krentz, hoewel hy voorkeur verleen aan die nie-Pauliniese aard van 2 Tessalonisense, meen egter dat die finale beslissing nie op grond van linguistiese en stilistiese variasies gemaak moet word nie. Robert Jewett het hom teenoor Trilling gerig en Trilling uitgedaag om sy argumente rakende linguistiese en stilistiese aspekte met meer voorbeelde uit die *corpus Paulinum* te onderbou.

Schmidt het in 'n vorige studie op hierdie uitdaging probeer reageer. In die onderhawige referaat het hy met behulp van die rekenaar verder gegaan. In die vorige studie het hy die inbedding en die metode van inbedding van neweskikkende sinne by die matrikssin in 2 Tessalonisense 1: 3-12 ondersoek en die resultate

vergelyk met 'n soortgelyke ondersoek na die sintaksis van die opening van die danksеggingsgedeeltes in die *corpus Paulinum*. Hy het bevind dat 2 Tessalonisense 1: 3-12, naas die matrikssin, twee en twintig ingebedde neweskikkende sinne bevat en dat die laaste inbedding vyftien sintaktiese vlakke verwyderd is van die matrikssin. In 1 Tessalonisense bevat die opening van die danksеggingsgedeelte tien ingebedde neweskikkende sinne en is die afstand van die matrikssin vyf sintaktiese vlakke. Wat met 2 Tessalonisense in frekwensie vergelykbaar is, is Efesiërs met agttien ingebedde neweskikkende sinne en Kolossense met twaalf en onderskeidelik dertien en agt sintaktiese vlakke verwyderd van die matrikssin. Wat die metode van inbedding betref, het Schmidt tussen die wyse waarop 'n 'komplementsin' ingelei word, onderskei. Die een groep word ingelei met woorde soos ὅτι en ἵνα of ὡς. Die ander groep word ingelei deur middel van verbale transformasie in die vorm van 'n deelwoord of 'n infinitief. Schmidt het weer eens bevind dat Efesiërs en Kollossense die naaste parallelle aan 2 Tessalonisense is. Tog moet hy toegee dat sy ondersoek steeds nie 'n antwoord is op die uitdaging van Jewett nie. Altans, dit was nie moontlik om behoorlik 'n antwoord te probeer gee alvorens die hulp van die rekenaar ingeroep is nie.

Die GramCord Institute at Trinity Evangelical Divinity School naby Chicago het 'n konkordante sisteem vir die Grieks van die Nuwe Testament ontwerp wat tot soveel as sewe grammatikale konstruksies tegelykertyd met mekaar kan vergelyk. Dit sluit die presiese leksikale of morfologiese posisie in 'n sin in. Dit bevat ook 'n databasis waar elke grammatikale kenmerk vir elke Griekse woord gemerk is sowel as 'n programmerende komponent wat die gebruiker in staat stel om grammatikale ondersoeke te loods.

Schmidt het met behulp van die GramCord-program daardie sintaktiese konstruksies in die *corpus Paulinum* wat Trilling in die oog het, ondersoek. Dit is konstruksies waarin naamwoorde aan mekaar gekoppel word waarvan een in die genitief is of waarin ook byvoeglike naamwoorde voorkom. Schmidt het na drie tipe konstruksies gekyk waarin die posisies wat volgorde betref, soos volg onderskei kan word: (1) lidwoord + naamwoord + lidwoord + naamwoord in genitief; (2) lidwoord + naamwoord + lidwoord + naamwoord + voornaamwoord in genitief; (3) naamwoord + naamwoord + voornaamwoord in genitief. Wat die eerste tipe konstruksie betref, vertoon 2 Tessalonisense volgens 'n bepaalde formule wat bereken word in terme van die totale aantal woorde in 'n dokument, die derde hoogste persentasie in die *corpus Paulinum*. Efesiërs en Kolossense het hoër persentasies. Wat die tweede tipe konstruksie betref, vertoon 2 Tessalonisense die hoogste persentasie en word deur Efesiërs en Kolossense gevolg. Wat die derde

tipe konstruksie betref, is daar in die *corpus Paulinum* geen brief wat meer as twee sulke konstruksies bevat nie. 2 Tessalonisense is een hiervan en die ander is Galasiërs, Efesiërs en Kolossense. Wanneer die totale persentasie ten opsigte van al drie tipe konstruksies bereken word, verteenwoordig Efesiërs die hoogste, gevolg deur Kolossense en 2 Tessalonisense. Die verskil tussen hierdie drie briewe en die res in die *corpus Paulinum* is baie groot. Wat die ondersoek betref na die konstruksies waarin byvoeglike naamwoorde saam met die naamwoorde voorkom, het Schmidt weer eens bevind dat 2 Tessalonisense gegroepeer moet word saam met Efesiërs en Kolossense. Sy ondersoek het ook uitgewys dat 2 Tessalonisense unieke konstruksies bevat. Die een is die frase ἔτι ὢν πρὸς ὑμᾶς in 2 Tessalonisense 2: 5. In hierdie konstruksie word die enigste voorbeeld in die hele *corpus Paulinum* aangetref waar 'n bywoord (ἔτι) 'n deelwoord (ὢν) voorafgaan en wat in ewewig met mekaar staan. Die ander voorbeeld is die frase τὸ μυστήριον ἤδη ἐνεργεῖται in 2 Tessalonisense 2: 7. Hierdie konstruksie is die enigste voorbeeld waar 'n bywoord (ἤδη) gebruik word saam met 'n werkwoord (ἐνεργεῖται) om twee naamwoorde (τὸ μυστήριον τῆς ἀνομίας) wat vanweë die genitiewe konstruksie aan mekaar gebind is, van mekaar te skei.

Hoewel Schmidt ten slotte meen dat ook sy tipe rekenaarondersoek nie beslissend in die debat ten gunste van of teen bepaalde outeurskap ingespan kan word nie, bied dit volgens hom inligting wat wel om verklaring vra as daar 'n beslissing geneem word.

AG van Aarde (Pretoria): The struggle against heresy in the Thessalonian correspondence and the origin of the apostolic tradition.

Van Aarde gaan uit van die aanname dat 2 Tessalonisense 'n pseudo-Pauliniese brief is. Die brief word onder andere daardeur gekenmerk dat die outeur sy bestryding van dwaalleer grond op die gesag van die woorde van die apostel Paulus in 1 Tessalonisense. Hierdie tipe aanspraak op gesag kom ooreen met wat dikwels die 'apostoliese tradisie' genoem word. Die 'apostoliese tradisie' word aangetref in laat Nuwe-Testamentiese geskrifte soos die Pastorale briewe, 2 Petrus en ook in buite-Bybelse geskrifte soos dié van Klemens van Rome en Ignatius. In navolging van W Trilling onderskei hy drie aspekte van die 'apostoliese tradisie' soos dit in 2 Tessalonisense voorkom: die Pauliniese brief (2: 15), die Pauliniese tradisie (3: 6) en die Pauliniese voorbeeld (3: 9). Die retoriek van 2 Tessalonisense is hoofsaaklik rondom hierdie drie aspekte van die 'apostoliese tradisie' gesentreer. Van Aarde sien sy persoonlike bydrae in die debat daarin dat hy die drie aspekte in een argument aanwend om te betoog dat die deutero- en post-Pauliniese konsep

'apostoliese tradisie' verband hou met en in der waarheid ontwikkel het uit Paulus se eie gebruik van die voorbeeld-motief in 1 Tessalonisense.

In navolging van E Best dui Van Aarde aan dat Paulus nêrens, ook nie in 1 Tessalonisense nie, die gesag van sy verkondiging op sy apostelskap as sodanig bou nie. (Efesiërs en die Pastorale briewe word as deutero-Pauliniese briewe nie in berekening gebring nie.) Hy beskryf Paulus se retoriek in 1 Tessalonisense. Paulus sien homself as die ideale voorbeeld wat deur middel van sy lyding en lot die profete en die Here, Jesus Christus wat ook gely en oorwin het, navolg. Paulus roep sy lesers op om in soortgelyke lyding vas te staan met die oog op die oorwinning by die παρουσία. Hierdie voorbeeld-motief gee daartoe aanleiding dat die Paulus-figuur in 2 Tessalonisense, en ook in ander deutero-Pauliniese en post-Pauliniese geskrifte, 'n kerugmatiese gestalte gekry het. Die Pauliniese voorbeeld word via die Pauliniese brief en tradisie in 2 Tessalonisense 'n *Lehrautorität*.

E Krentz (Chicago): Traditions held fast: Theology and fidelity in 2 Thessalonians.

Uitgaande van die nie-Pauliniese outeurskap van 2 Tessalonisense, is Krentz geïnteresseerd in die teologie van die brief. Die brief bevat volgens hom net een essensiële tema. Dit is naamlik die oproep dat die gemeente getrou sal bly ten spyte van vervolging en dat die gemeente die finale oorwinning van Jesus as God se apokaliptiese agent moet afwag. Daar word in die brief nie iets oor die aard van die vervolging gesê nie. Dit word bloot in 2 Tessalonisense 1: 4-6 vermeld. Die vervolgers self word in twee gedeeltes, te wete 2 Tessalonisense 1: 7-10 en 2: 3-12, in eskatologiese terme beskryf. Die outeur sê dat hulle die gemeente onderdruk omdat hulle nie die betekenis van God se dade in die wêreld erken nie. Die gevolg is dat hulle verseker vergeld sal word.

Volgens Krentz is die Christologie en soteriologie in 2 Tessalonisense afgelei van die grondliggende skema van dié apokaliptiese vindisering van God se getroues. Die optredes van Jesus is in 2 Tessalonisense geheel en al toekomstig van aard. Geen verwysing na sy dood en opstanding, na die regverdigmaking op grond van sy bediening of na sy verhoging as Here kom in die brief voor nie. Jesus is *in toto* die toekomstige regter van die vervolgers en die vindiseerder van die getroues. By die ἐπιφάνεια τῆς παρουσίας sal die Here Jesus die 'wettelose mens' vernietig (2 Tess 2: 8) en die getroues beskerm (2 Tess 3: 3).

God en sy goedheid is die teologiese sentrum van 2 Tessalonisense. Die sleutelgedeelte is 2 Tessalonisense 2: 13-14. God is die een wat in die verlede gehandel het. Hy het naamlik die gemeente uitverkies, hulle geroep, hulle liefgehad

en hulle 'eersteling vrugte' met die oog op verlossing gemaak. Die fundamentele karaktertrek van God is sy regverdigheid. Sy oordeel is δίκαιος (2 Tess 1: 5) en dit lei tot openbare redding van sy uitverkorenes. God word in 2 Tessalonisense nooit genoem 'die God en Vader van ons Here Jesus Christus' of die een 'wat Jesus uit die dood opgewek het' nie. 'Jesus takes his role from God; God is not identified in relation to Jesus!'

Die gemeente word opgeroep tot dade wat hulle geloof en getrouheid sal weerspieël. Hulle moet dankie sê, bid, volhard en rein bly. Hierdie dade word beskryf as die 'vashou aan die tradisies' (2 Tess 2: 15). Krentz verwys na hierdie tradisies as die apokaliptiese interpretasie van God en van die geskiedenis wat getrouheid eis.

## ALGEMENE OPMERKINGS

Dit is opvallend dat hoewel die twee dokumente wat onder bespreking was, relatief klein in volume is, die verskillende referate in geen opsig dieselfde tema as hoofsaak gehad het nie. Uiteraard het baie sake in die twee briewe herhaaldelik aan die orde gekom. Tog is die verskeidenheid in aanbiedinge 'n groter kenmerk van die konferensie as die ooreenkomste wat in die referate voorgekom het. Op grond van die belangrikste bydraes tydens die konferensie kan die volgende tendense in resente Tessalonisense-navorsing onderskei word:

Die 'paradigma-verandering' tussen 1 en 2 Tessalonisense waarna Collins in sy openingsreferaat verwys het, was die aanname (uitgesproke of onuitgesproke) van die meeste referente. Slegs Marshall het in sy ondersoek na sekere aspekte van die Pauliniese teologie 1 en 2 Tessalonisense op dieselfde vlak hanteer. Die opmerking van Schmidt behoort dus ter harte geneem te word deur voorstanders van die Pauliniese outeurskap van 2 Tessalonisense, naamlik dat die wesenlike verskille in teologie tussen die twee briewe in die interpretasie van die briewe verklaar behoort te word. Twee teenoorstaande interpretasies van die literêre afhanklikheid van 2 Tessalonisense ten opsigte van 1 Tessalonisense het na vore gekom: 2 Tessalonisense word gesien as 'n bewustelike vervanging van 1 Tessalonisense wat deur die outeur van 2 Tessalonisense voorgestel word as 'n 'valse' brief van Paulus (Laub); 2 Tessalonisense word gesien as 'n brief wat aanspraak maak op gesag omdat dit gebou is op 'n gesaghebbende Paulus-brief, te wete 1 Tessalonisense (Holland, Van Aarde).

Wat die plek van 1 Tessalonisense in die Pauliniese teologie betref, versterk sekere resultate van die Colloquium die standpunt dat daar hoogs waarskynlik onderskei moet word tussen 'n 'vroeë Paulus' en 'n 'latere Paulus'. Wat as

insiggewend na vore gekom het, is dat 1 Tessalonisense nie sonder meer geïnterpreteer moet word in terme van teologiese konsepte wat byvoorbeeld in Romeine, Korintiërs en Galasiërs voorkom nie. Donfried het interessante raakpunte tussen die Paulus-beeld in Handelinge en dié in 1 Tessalonisense uitgewys. Hierdie raakpunte is groter as dié tussen 1 Tessalonisense en byvoorbeeld Galasiërs. Die onderskeid tussen 'n 'vroeë Paulus' en 'n 'latere Paulus' geld nie net die opstandingsgeloof en die eskatologie nie. Hierdie onderskeid kan ook met betrekking tot die ekklesiologie gemaak word. Dié ontwikkeling vertoon egter nie 'n diskontinuïteit nie. Daar kan in hierdie verband byvoorbeeld gewys word op die konsep 'liggaam van Christus' wat nie in 1 Tessalonisense voorkom nie, maar wat 'n teologiese uitbouing is van die konsep 'in Christus/Here' wat wel in 1 Tessalonisense voorkom en daar 'n belangrike Christologiese en ekklesiologiese aangeleentheid is. Die studie van die ontwikkeling tussen die Pauliniese teologie en die vroeë katolieke periode sal ook kennis moet neem van die ooreenkoms tussen 1 Tessalonisense en Handelinge rondom 'gesagsfigure'.

Wat die histories-kritiese fragmentering van 1 Tessalonisense met betrekking tot veral die voorkoms van meer as een dankseggingsgedeelte betref, is die referate van Wuellner en Lambrecht baie ter sake. Die 'nuwe retoriek' waarmee Wuellner 1 Tessalonisense geanaliseer het, sowel as die algemene strukturele patroon wat Lambrecht met betrekking tot die Pauliniese dankseggingsgedeeltes geïdentifiseer het, bring mee dat die argumente wat op 'n gebrek aan geheelheid en op die moontlikheid van interpolasies probeer wys, al hoe minder oortuigend raak.

Die ontoereikendheid van argeologiese bevindinge ten opsigte van die antieke stad Tessalonika, het 'n ernstige leemte in die konstruksie van die historiese konteks van die eerste gemeente met betrekking tot wie ons 'n geskrif in die Nuwe Testament het, beklemtoon. Tog het Koester met behulp van die politieke agtergrond en met behulp van argeologiese bevindinge rondom die grafte van soldate in die antieke Griekse stede, belangrike inligting na vore gebring wat kan help om die tradisionele apokaliptiese materiaal in 1 Tessalonisense in terme van 'n konkrete, kontigente situasie nuut te interpreteer.